Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 16 Julie 1952. Prys 3d. Nr. 33.

# SLAWERNY IN RUSLAND

**Getuienis oor onbegryplike wreedheid en verbysterende ongevoeligheid teenoor menslike lyding is gelewer voor die onpartydige Komitee van die Verenigde Volke wat tans besig is om die eerste onpartydige ondersoek waar te neem na toestande van 'slawe-arbeid wat in Sowjet-gebiede heers. Getuienis is gelewer deur die regerings van 35 volke en deur tien ander organisasies.**

Die Sowjet het teruggekeer na „outydse slawerny" deur gedwonge arbeid 'n deel van sy ekonomie te maak. Dit is dwarsdeur die bestaan van die Sowjet-bewind toegepas, het die Verenigde State getuig. Die aantal gedwonge arbeiders wat in konsentrasiekampe aangehou word is 'n Russiese staatsgeheim, maar dit beloop miljoene.

Voorts word beweer dat arbeidskampe plekke is van wrede straf deur oorwerk, onmenslike huisvesting, honger en gebrek aan mediese sorg.

Die Amerikaanse verklaring is gegrond op byna 20,000 beëdigde verklarings.

### SLAWE

Die Komitee van die Verenigde Volke het reeds vasgestel dat die kommunistiese owerhede meer as twaalf miljoen mans, vrouens en kinders in die slawekampe geplaas het en dat daar nog miljoene slawe-arbeiders gevind moet word om die Sowjet-ekonomie aan die gang te hou. Die Komitee is meegedeel dat die kommunistiese regerings van Rusland se satellietstate reeds 'n miljoen persone gevonnis het om in hulle „helkampe" te werk en boonop nog 'n miljoen mans, vrouens en kinders weggestuur het om as slawe in Sowjet-Rusland self te werk.

**Die stelsel van dwangarbeid is noodsaaklik vir die uitvoering van die kommuniste se plan vir nywerheidsontwikkeling. Deur gedwonge slawearbeid vul die kommuniste die tekort aan arbeidskragte aan.**

### SJINA

Mev. Pandit, suster van die Indiese eerste minister, Pandit Nehru beweer dat daar in Sjina reeds noual soveel as 2,000,000 slawe-arbeiders is en die getalle groei steeds aan.

**Mense word weens die onbenulligste „misdade" gevonnis tot soveel of soveel jaar slawearbeid. Dis nie die „misdaad" wat gestraf word nie: die doel is om 'n slaaf in die hande te kry.**

### KRYGSGEVANGENIS

Die kommuniste het miljoene krygsgevangenes verdoem tot slawe-arbeid. Die raad van die Noord-Atlantiese Verbond beraam dat meer as 3,000,000 krygsgevangenis naamlose grafte gevind het langs die nuwe trans-Siberiese spoorweg wat die kommuniste met behulp van Duitse en Japanese krygsgevangenes gebou het. Die temperatuur was 60 grade F. onder vriespunt. Die raad het voorts verklaar dat daar meer as 7,000,000 krygsgevangenes in die kommuniste se hande geval het en dat hulle van 4,000,000 geen rekenskap kan gee nie.

**Min ongelukkige slawe-arbeiders keer ooit weer terug uit die konsentrasiekampe. Die toestande van oorwerk en ondervoeding gepaard met bittere koue veroorsaak 'n genadige dood voordat die „vonnis" uitgedien is.**

# KRUISTOG OM MENSDOM SE LOT TE BESLIS

**Na 'n benoemingstryd wat volgens koerantberigte besonder venynig en bitter was, is mnr. Dwight D. Eisenhower, voormalige opperbevelhebber van die Westerse leërmagte, verlede Vrydag deur die Republikeinse Party se konvensie in Chicago tot kandidaat vir die Amerikaanse presidentsverkiesing benoem. Die Demokratiese Party moet nog 'n kandidaat benoem en in November sal die verkiesing van die president plaasvind.**

Onder die omstandighede wat in die teenswoordige wêreld heers is die president van die Verenigde State van Amerika in der waarheid die leier van die Westerse menseblok in hul stryd teen kommunistiese verslawing.

### WEN-KANDIDAAT

Eisenhower word beskou as 'n baie populêre Amerikaner — die held van die Tweede Wêreldoorlog — en die politici van die Republikeinse Party is oortuig daarvan dat hy 'n wenkandidaat is. Sy vernaamste teenstander was senator Taft, 'n man wat beskryf word as iemand wat die neiging het om 'n konserwatiewe Amerikaanse nasionalis te wees. Taft is kragtig ondersteun en Eisenhower ewe sterk teengestaan deur genl. Douglas MacArthur — die man wat die tweede wêreldoorlog en die vrede daarna — in die Ooste gewen het. **MacArthur word deur baie mense beskou as die grootste lewende Amerikaner.**

„Jy sal die verkiesing wen," het senator Taft aan Eisenhower gesê nadat die uitslag van die benoemingstryd bekend geword het. Hy het bygevoeg dat hy Eisenhower tot die uiterste van sy vermoë sal ondersteun in die verkiesingstryd wat op hande is.

### OFFERVAARDIGHEID

In die toespraak waarin hy die benoeming aanvaar het, het Eisenhower gesê dat hy geroep is om 'n kruistog vir vryheid in Amerika en in die wêreld te lei. Amerika is onder God die magtigste sekulêre en geestelike mag op aarde. Die lot van die mensdom hang af van wat ons in die komende maande gaan doen, het Eisenhower gesê. Hy beskou sy benoeming as 'n oproep om die groot taak om die mensdom te red, uit te voer. Hy aanvaar dit in 'n gees van algehele offervaardigheid.

# Geleerdes Pleit Vir Skeiding In Gebiede

**Twee Afrikaanse geleerdes, professore A. J. H. van der Walt, van die Universiteit van Suid-Afrika, en N. J. J. Olivier, van die Universiteit van Stellenbosch, het onlangs in Pretoria voor die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns pleidooie gelewer vir 'n beleid van algehele territoriale apartheid en vir 'n nuwe verdeling van Suidelike Afrika in blanke en nie-blanke gebiede.**

Prof. Van der Walt het gesê dat die uiteindelike doel van die apartheidsbeleid slegs volslae territoriale skeiding tussen blanke en nie-blanke kan wees. Dit sal groot opoffering vereis.

### TERRITORIAAL

**Die apartheidsbeleid moet streef na volslae territoriale skeiding tussen Blanke en Bantoe-gebiede — met of sonder 'n federale verband. Die rede hiervoor is dat aangehoue rasse diskriminasie in 'n gebied waarin blank en nie-blank saamwoon, op die lange duur ondenkbaar is en nie volgehou kan word nie — selfs nie met die allerbeste maatskaplike sorg en wetgewende beskerming nie.**

Die praktiese toepassing van hierdie beleid word bemoeilik deur die tekort aan gebiede in die Unie vir naturelle en deur die onwilligheid van blankes om meer gebiede vir die doel af te staan. Ongetwyfeld sal die beleid nie uitgevoer kan word sonder groot opofferings nie.

Die enigste twee alternatiewe is blykbaar of die onderdrukking van die Bantoe wat op etiese gronde nie geregverdig kan word nie en wat uiteindelik tot 'n uitbarsting sal lei of volledige ekonomiese en politieke integrasie waarvoor min blankes te vinde sal wees.

### PROTEKTORATE

Voortgaande het prof. Van der Walt gesê dat die oordrag van die drie Hoë Kommissarisgebiede of protektorate aan die Unie-regering bemoeilik word deur die toenemende verskil in beleidsrigting op rassegebied tussen die Unie en Groot Brittanje. Die toekomsbestemming van hierdie gebiede bly derhalwe voorlopig onseker.

Die protektorate behoort geografies grotendeels aan die Unie-grondgebied. Etnologies is die naturelle in die gebiede nou verwant aan die Suid-Afrikaanse Bantoe. Ekonomies is hulle vir hul welvaart afhanklik van die Unie en uit 'n verdedigingsoogpunt gesien, is hulle lot onafskeidelik verbonde aan dié van die Unie.

### VERDELING

**Prof. Olivier het gesê dat 'n nuwe verdeling van Suidelike Afrika in gebiede waarin net die blankes se belange as geldig beskou sal word en in gebiede waarin net die naturel se belang sal geld, waarskynlik die enigste oplossing is van die kleurvraagstuk.**

Die huidige bevolking van Afrika is tussen 175 en 195 miljoen, waarvan tussen 5 miljoen en 5,250,000 blankes is — ongeveer drie persent van die totaal.

### KLEIN DEELTJIES

Die hele Afrika sal nooit vir Europees kan word nie, selfs nie al sou miljoene blankes hulle in die nabye toekoms op die vasteland kom vestig nie. Afrika se inheemse aard sal behoue bly. Die blankes sal altyd 'n klein minderheid in Afrika wees. Dit kan sonder teenspraak gekonstateer word dat die blankes slegs in klein deeltjies van Afrika 'n suiwer blanke politieke eenheid sal kan opbou — nooit in die hele Afrika nie.

### ENIGSTE

**Indien die blankes hulle nie uiteindelik as minderhede in swart state wil bevind nie, is die enigste oplossing blykbaar 'n nuwe territoriale verdeling van Suidelike Afrika. So 'n skikking word reeds deur vooraanstaande mense in Suid-Afrika ondersteun. Hierdie oplossing sal albei die groepe tevrede stel. Die naturelle sal niks daardeur verloor nie en die gevestigde blanke bevolking se toekoms sal daardeur verseker word.**

# RUSSE HET POLE VERMOOR BY KATYN

**Na maande van intensiewe ondersoek het die Amerikaners 'n amptelike verslag uitgereik waarin gesaghebbend verklaar word dat Sowjet-Rusland verantwoordelik is vir die massa-moord van 4,000 Poolse offisiere in die woud by Katyn. En dat die kommuniste nog duisende ander Pole ook vermoor het — selfs nog voordat hulle in die benoude oorlog met Hitler gewikkel was.**

Dit is lankal bekend dat die Russe — en nie die Duitsers nie — die offisiere by Katyn vermoor het. Nou is dit egter amptelik erken deur hul voormalige bondgenote en 'n lelike en onverdiende klad is daardeur van die Duitse naam verwyder.

### NUREMBERG

Selfs die Cape Times is verontwaardig. Die blad skryf: „Tydens die Nurembergse verhoor van die Duitse nazi-leiers het die Sowjet-regering ewe plegtig klagtes ingedien teen Goering, Keitel en Jodl vir die 'wrede' moord op Poolse offisiere in die woud van Katyn. Kol. Rudenko, die Sowjet-aanklaer, het aan die Internasionale Militêre Hof meegedeel dat sy regering geskok is oor die Duitse wreedheid om so baie 'edele' Poolse offisiere te vermoor. Genl. Nikitckenko, die Russiese regter wat saam met die Britse, Amerikaanse en Franse regters gesit het, het Rudenko ondersteun en daarop aangedring dat hierdie moord gewreek moet word.

### „PROPAGANDA"

„Goering het Duitse verantwoordelikheid ontken. Hy het die hof meegedeel dat Rusland, volgens Duitse ondersoek, verantwoordelik is. Kol. Rudenko het 'n suksesvolle versoek aan die hof gerig om te verhoed dat Goering voortgaan om anti-Sowjet propaganda te maak.

„Nou is dit bewys dat die misdaad gepleeg is op bevel van die Kremlin. Dit is moeilik om 'n voorstelling te maak van 'n meer brutale en skelmer benadering tot die menslike as wat in hierdie geval plaasgevind het." Aldus die Cape Times.

**Wat moet die Cape Times en sy genote nou dink van die Nurembergse Hof en van die „aanklagte" wat teen die Duitse leiers „bewys" is en waarvoor hulle „gestraf" is.**

### HITLER SE AANBOD

Die getuienis wat vandag voor die Komitee van die V.V.O. afgelê word is nie nuwe onthullings nie. Hoegenaamd nie. Meeste van die getuienis kon wyle Adolf Hitler in sy leeftyd al gelewer het — trouens hy het dit ook gedoen. Hy het Rudolf Hess na Brittanje gestuur met 'n vredesaanbod en 'n voorstel tot gesamentlike stryd teen die kommuniste. Dit is geweier.

Die Britte sal nog baie duur moet betaal vir daardie weiering van Churchill.

### GOERING

In die brief wat Herman Goering kort voor sy dood aan Churchill geskryf het verklaar hy o.a.: „Terwille van die geskiedenis noem ek jou as die man wat inderdaad in staat was om die val van Hitler en sy politieke stelsel te bewerkstellig, maar wat nieteenstaande daarvan tog nie in staat sal wees om in die plek van die man wat geval het, Europa te beskerm teen die inval uit die Ooste nie.

„Ek wens regtig dat jy lank genoeg sal lewe om die dag te ervaar, wanneer die wêreld en vernaamlik die westerse volke, uit bittere ervaring sal ondervind dat jy en jou vriend Roosevelt, terwille van 'n goedkoop oorwinning oor Nasionaal-Sosialistiese Duitsland, hulle toekoms verkoop het aan die kommunisme."

### DAG DAAG

**Vandag word die wêreld en die westerse volke alreeds onderrig oor die karakter van hul voormalige bondgenoot — Sowjet-Rusland. En hulle weet reeds dat 'n worstelstryd tot die dood toe met die kommunistiese slawe-base voorlê.**

**Dit is ook bekend en dit word alreeds betreur dat die Duitse versperring in die pad van die kommunisme so haastig en gerieflik vir die kommuniste verwyder is.**

## As Kok en Sy Maat . . .

**As kok en kok se maat stry kry, so sê die spreekwoord, dan kom die waarheid voor die dag.**

Die partypolitici wat in Chicago baklei oor die kandidaat vir die presidentsverkiesing wat hulle moet benoem stry hewig onder mekaar. Nou word beskuldiginge van „diefstal," „bedrog" en „afgryslike valsheid" vrylik rondgeslinger.

DIE O.B., WOENSDAG, 16 JULIE 1952

# 'N VEGFRONT VAN BEGINSELGENOTE

Daar het in die afgelope tyd (ook in hierdie uitgawe) verskeie briewe van ons lesers verskyn waarin daar sommer baie reguit gesê word dat die tyd nou aangebreek het vir die Ossewabrandwag om op praktiese wyse die samewerking tussen enersdenkende organisasies in ons land te bewerkstellig.

**Bowendien is in die briewe die doel van die aangewese samewerking ook baie uitdruklik onderstreep, naamlik die skepping van 'n bondgenootskap om 'n daadwerklike stryd, desverkiesend ook op die parlementêre terrein, te voer vir die bevordering en uiteindelike verwesenliking van die gemeenskaplike doelstellings.**

## ENERSDENKENDE ORGANISASIES

Dit is waar dat daar in ons land verskeie organisasies is wat gemeenskaplike doelstellings het, soos byvoorbeeld verwerping van die parlementêre partystelsel; aanvaarding van die partylose republiek as eindbestemming van ons volk, van belangeverteenwoordiging as onontbeerlik vir die beveiliging van die bestaan van elke huisgesin van ons volk, van algehele apartheid as voorwaarde vir die voortbestaan en heerskappy van die witman in Suid-Afrika. In kort, daar is verskeie organisasies wat sowel die kapitalistiese baie-partyestaat as die kommunistiese een-partydiktatuur as ideaal verwerp, en wat streef na 'n eenheidsvolkstaat wat blywend gebou sal word op die natuurlike arbeidsgemeenskappe van die volk.

**Daar is sulke organisasies wat hoofsaaklik Afrikaansgesind is (en wat propaganda in Afrikaans maak) en daar is ander wat hoofsaaklik Engelsgesind is (en wat weer propaganda in Engels maak). Dit word blykbaar gevoel dat hierdie organisasies, sonder prysgawe van beginsels 'n gemeenskaplike beleid kan neerlê wat vir almal aanvaarbaar sal wees en wat bowendien vir 'n baie groot deel van ons volk aanneemlik sal wees. Daar word tewens gevoel dat hulle afsonderlike voortbestaan slegs 'n verbrokkeling van kragte meebring; dat elkeen op sy eentjie swaarkry en tog nie heeltemal bevredigende resultate behaal nie. Vandaar dat die behoefte so sterk gevoel word dat hierdie organisasies sal saamspan, hul propagandamedia sal saamsnoer en dat hulle gesamentlik die stryd sal aandurf vir die beginsel wat hulle bely.**

## SKAKELKOMITEE AANBEVEEL

Die Ossewabrandwag het geen beswaar teen sodanige optrede. Trouens hy het alreeds 'n dergelike samewerking aan die hand gedoen. Op 13 Oktober verlede jaar het die Grootraad van die Ossewabrandwag reeds besluit dat die beweging hom geheel en al aan die partypolitiek onttrek en bereid is om deel te neem aan „die skepping van 'n front so breed as moontlik van persone en groepe wat bereid is om die partystelsel te verwerp reeds vir die huidige Suid-Afrikaanse staat."

En so kort gelede as 7 Junie het die Uitvoerende Raad weer beklemtoon dat die Ossewabrandwag „samewerking met persone en groepe verwelkom wat bereid is om hulle vir die omskepping van die huidige parlementêre partystelsel tot die van die partylose staat te beywer, en wat bereid is om alle moontlike stappe ter verwesenliking van hierdie doelstelling te doen en te steun."

**Die Uitvoerende Raad het verder gegaan en praktiese stappe aanbeveel. Hy het verklaar: „As eerste stap stel die Uitvoerende Raad voor die vorming van 'n skakelkomitee verteenwoordigende groepe en persone wat hulle bereid verklaar om 'n nie-partypolitieke front te stig en op te bou, wat buite en binne die parlement die stryd sal voer."**

## SAMESPREKINGS GEVOER

Daar kan dus hoegenaamd geen twyfel bestaan oor die Ossewabrandwag se bereidwilligheid om met beginselgenote saam te werk nie. Trouens die Ossewabrandwag het selfs die samestelling van 'n skakelkomitee aanbeveel wat die moontlikhede van samewerking kan ondersoek en daaroor aanbevelings aan hul onderskeie organisasies kan doen.

**Dit is nou vir dié organisasies, wie se geloofsbelydenis hulle as kandidate aanwys vir die samewerking wat die Ossewabrandwag voorstel om self te besluit of hulle deel wil wees van sodanige samesnoering van kragte.**

Behalwe die besluit van die Grootraad en die Uitvoerende Raad se verklaring wat daardie besluit opgevolg het, is daar nog nie weer 'n amptelike verklaring van die kant van die Ossewabrandwag oor die saak gedoen nie. Bes moontlik sal dit by geleentheid van die aanstaande Uniale Laertrek van offisiere van die Ossewabrandwag gedoen word.

**In die pers is daar egter onlangs aangekondig dat daar in Pretoria samesprekings gevoer is tussen mnr. Oswald Pirow, leier van die Nuwe Orde, en mnr. J. A. Smith, die O.B.-leier; en voorts dat ander persone ook by die samesprekings betrokke was.**

# Van die Os op die Esel

Deur Sybrand

### *Bietjie Apartheid en Bietjie Gelykheid*

Verlede week het 'n leseres van ons blad wat op Porterville woon gevra of ek nie die kleurbeleide van die verskillende politieke partye, die Afrikaanse Kerke en die Ossewabrandwag sal uiteensit nie. Sy wil graag weet wat die punte van verskil tussen die betrokke beleide is. Ek sal probeer om aan die versoek van die leseres te voldoen.

In ons land is daar twee primêre kleurbeleide waartussen gekies kan word. Die een is apartheid tussen wit en swart en die ander is gelykheid tussen wit en swart. Daar is blankes wat apartheid voorstaan en daar is ook blankes wat gelykheid voorstaan, maar die grootste meerderheid van die blankes is blykbaar tevrede om 'n kompromisbeleid te aanvaar — nl. 'n bietjie apartheid en 'n bietjie gelykheid. Dit is die beleid van die politieke partye, maar hulle baklei met mekaar oor die bepaalde grootte van die bietjie apartheid en die bietjie gelykheid wat hulle tussen wit en swart wil toepas.

Daarom beskryf diegene wat net apartheid tussen wit en swart voorstaan hulleself as die pleitbesorgers van algehele apartheid; en diegene wat net gelykheid bepleit verklaar dat hulle vir die uitwissing van alle kleurskeidslyne staan of te wel vir algehele gelykstelling tussen wit en swart.

### *Die Gelykstellers*

Die luidrugtigste voorstanders van algehele gelykheid in ons land was die kommuniste. Maar as gevolg van hulle uitskakeling deur wetgewing is die oorgeblewe gelykstellers diegene wat as liberaliste of negrofiliste beskryf word. Ek praat nou van blanke voorstanders van gelykheid. Daar is ook 'n groep nie-blankes — dikwels diegene wat 'n bietjie boekgeleerdheid opgetel het — wat ook luidrugtige voorstanders van gelykheid tussen wit en swart is. Hulle is nie-blankes wat blykbaar verkies om liewer blanke agterryers as nie-blanke leiers te wees. Die gevaarlikste voorstanders van gelykheid tussen wit en swart is, sover dit ons witmense in Suid-Afrika aangaan, ongetwyfeld die Britse regering in Londen. Hy beheer die protektorate wat binne en rondom ons landsgrense lê sowel as kolonies wat ons buurgebiede is. Hierdie Britse gelykheidsbeleid wat voortdurend afgespeel word teen die Afrikaner se apartheidsbeleid, en waardeur nie-blankes aangemoedig word om in verset te kom teen die beleid wat vir die Afrikaner — trouens vir elke witman in Afrika — lewensbelangrik is en dit te wantrou — hierdie Britse gelykheidsbeleid is een van die belangrikste redes waarom moderne Brittanje 'n vyand van blanke Suid-Afrika is. En dit is m.i. een van die gewigtigste redes waarom ons blanke Engelssprekende medeburgers gewerf moet word vir Afrikanerrepublikanisme. Die Engelssprekendes moet geleer word dat die Britse beleid die heerskappy en leefwyse van die witman in Afrika gaan vernietig en dat die Republikeinse beleid dit gaan waarborg.

### *Die Voorstanders van Algehele Apartheid*

Voorgaande het ek geskryf as 'n inleiding om te beklemtoon dat nie een van die liggame wat my leseres genoem het algehele gelykstelling tussen wit en swart as beleid aanvaar het nie.

Daar is vier soorte apartheide (of te wel vier soorte gelykhede) wat gewoonlik by besprekings oor kleurbeleid in ag geneem word. Dit is maatskaplike, politieke, ekonomiese en territoriale gelykheid of apartheid tussen wit en swart.

Diegene wat ten gunste van algehele apartheid (of algehele gelykheid) is, verlang vanselfsprekend die maatskaplike, politieke, ekonomiese en territoriale skeiding (of samesyn) van blankes en nie-blankes.

Laat ek nou duidelik stel dat die Ossewabrandwag en die Afrikaanse Kerke se kleurbeleid is algehele apartheid tussen wit en swart. Trouens, dit is die beleid wat deur Afrikaanse volkekundiges — op wetenskaplike grond — bepleit word.

Ons kan nou die kleurbeleide van die Verenigde Party en die Nasionale Party bespreek.

### *Maatskaplike Apartheid*

Die Verenigde Party sowel as die Nasionale Party is voorstanders van maatskaplike apartheid. Dit beteken dat albei die partye ten gunste is daarvan dat wit en swart in aparte woonbuurtes moet woon; nie met mekaar mag trou nie of buite-egtelike gemeenskap met mekaar mag hê nie; nie in dieselfde hotelle mag tuisgaan of in dieselfde eetplekke mag eet nie, ens. Tot voordeel van die Nasionale Party moet beklemtoon word dat die party uitgesproke is en handelend optree met betrekking tot sy beleid van maatskaplike apartheid. Die regeringsparty se „apartheids"-wette getuig van hulle ywer in hierdie verband. Tot nadeel van die Verenigde Party moet eweneens beklemtoon word dat die party beslis nie die Nasionale Party ondersteun het in sy poging om maatskaplike apartheid uit te brei nie. Hoewel die Verenigde Party sê dat hy ook ten gunste van maatskaplike apartheid is (en 'n mens dit waarskynlik moet aanvaar as die waarheid (moet eweneens aanvaar word dat die Verenigde Party blykbaar genoeë neem met vrywillige maatskaplike apartheid, d.w.s. wat die samelewing self, sonder die hulp van wetgewing, toepas.

### *Politieke Apartheid*

Die posisie in verband met politieke apartheid is baie deurmekaar.

In die eerste instansie glo die voorstanders van algehele apartheid dat nie-blankes glad nie politieke verteenwoordiging in die blankes se parlement moet hê nie. Nie-blankes moet in die gebiede wat hulle eie tuistes is (ooreenkomstig territoriale apartheid) politieke verteenwoordiging kry in hulle eie rade en liggame wat in een oor hul tuisgebiede gesag voer. Dit is die beleid van politieke apartheid. Dit is die beleid wat die Ossewabrandwag voorstaan. Geeneen van die politieke partye onderskryf egter hierdie beleid van politieke apartheid nie.

Maar albei die politieke partye huldig tog beleide wat dikwels, verkeerdelik, as politieke apartheid beskryf word. Dit is nl. die beleid dat nie-blanke groepe (bv. naturelle, Kleurlinge, Asiate) as groepe verteenwoordiging in die blanke parlement kry. Dit beteken dan dat die indiwiduele lede van die nie-blanke groepe se name nie saam met die name van blanke persone op dieselfde kieserslys verskyn nie. Maar dat die stemgeregtigde lede van elke groep se name op aparte kieserslyste verskyn en dat hulle blanke verteenwoordigers kies om hulle groep in die blanke parlement te verteenwoordig. Omdat die blankes hulle eie verteenwoordigers en die nie-blanke groepe weer hulle eie verteenwoordigers, ooreenkomstig hierdie beleid kies word dit dikwels as 'n beleid van politieke apartheid beskryf. Maar inderwaarheid is dit nie politieke apartheid nie, want die verteenwoordigers van blankes en nie-blankes is gelykwaardige lede van dieselfde parlement.

### *Groepsverteenwoordiging saam met Blankes*

Laat ons derhalwe hierdie beleid by sy regte naam noem, nl. die groepsverteenwoordiging van nie-blanke gemeenskappe in die blanke parlement.

Na hierdie opheldering kan ons die politieke partye se beleide uiteensit.

Die Verenigde Party sowel as die Nasionale Party is ten gunste van die groepsverteenwoordiging van die naturellegemeenskap in die blanke parlement. Dit is die posisie wat tans bestaan en wat deur alle partye aanvaar word.

Blykbaar is die Verenigde Party ten gunste van die groepsverteenwoordiging van die Indiërgemeenskap in die blanke parlement, maar is die Nasionale Party nie ten gunste daarvan nie. Ek sê, blykbaar is dit die posisie, op grond van die feit dat die voormalige V.P.-regering sodanige wetgewing laat aanneem het deur die parlement en dat die huidige N.P.-regering dit weer laat herroep het deur die parlement. Dit beteken nie dat die Nasionale Party ten gunste is van politieke gelykstelling tussen die Indiër en die Witman in Natal nie. Inteendeel. Dit beteken net die teenoorgestelde.

Daar bestaan egter hoegenaamd geen twyfel oor die feit dat die N.P.-regering ten gunste is van die groepsverteenwoordiging van die Kleurlinggemeenskap in die blanke parlement en dat die V.P.-opposisie daarteen is nie. Die Verenigde Party verlang die politieke gelykstelling tussen stemgeregtigde Kleurlinge en blanke kiesers, m.a.w. die V.P. wil die bestaande posisie, wat eintlik 'n erflating uit die Kaapkolonie se Britse verlede is handhaaf.

Om op te som: Die N.P. se beleid is groepsverteenwoordiging vir Naturelle en Kleurlinge. Geen verteenwoordiging vir Indiërs. Die V.P. se beleid is: Groepsverteenwoordiging vir naturelle en Indiërs. Politieke gelykstelling tussen Kleurlinge en blankes. Albei die partye se beleide is openlik onlogies. Die rede daarvoor is geleë in die strenge inagneming van hulle onderskeie partybelange. Die O.B. se beleid is: politieke apartheid tussen blankes, naturelle, Kleurlinge en Asiate.

### *Ekonomiese en Territoriale Apartheid*

Die Verenigde Party sowel as die Nasionale Party verwerp ekonomiese en territoriale apartheid omdat dit dan onprakties sou wees. Dit beteken dat albei die politieke partye ten gunste daarvan is dat die nie-blankes 'n onmisbare deel van die blanke se staatshuishouding sal wees en dat die nie-blankes oral rond in die blankes se land sal woon.

Daarom het die Nasionale Party-regering met behulp van wetgewing maatreëls getref om „groepsgebiede" vir nie-blankes naby al die blanke stede en dorpe van ons land in te rig. Hierdie beleid is lynreg in stryd met territoriale apartheid, want dit beteken die saamwoon van blanke en nie-blanke in een (Vervolg op bladsy 3 kolom 3)

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### TE KOOP

**AANDELE.** — 1,000 Pers-Beleggings-Korporasie-aandele word te koop aangebied teen 1/6 per aandeel. Skryf aan die **Sekretaris, Posbus 1411, Kaapstad.** 2/7/2

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS herstel gryshare en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3)1/9/49

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 18/6/5B



SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY **SANLAM** IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind — by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

★


# Beroep op Smith en Pirow om Saam te Kom en te Veg

## Soos Ons Lesers Dit Sien

**Mnr. J. J. van Tonder, Ps. Geelblomlaagte, Oor Vryburg, skryf:**

Na aanleiding van die brief van mnr. Neethling, Pk. Tuinplaas, in Die O.B. van 4 Junie wil ek verklaar dat ek sy brief van begin tot end beaam. Sy brief het verskyn onder die hoof: Politieke Aksie vir Ideaal Nodig.

Ek wil graag twee gedagtes wat hy uitgespreek het, hier weer byhaal.

Eerstens. Die stryd teen die Britse Imperialisme is in 1899—1902 met die wapen gestry en daarna deur genl. Hertzog en sy Nasionaliste wat vir 'n groot deel bestaan het uit manne wat hul lewe teen die Britse oorheersing gewaag het. **Daardie manne, met uitsondering, is daar nie meer nie, en met hulle verdwyn die laaste vestinge. Dit is vir my as 'n bittereinder 'n hartverskeurende gedagte.**

### SAMEWERKING

Tweedens. Oor samewerking en stryd vir ons ideale. Dit is my opsomming van die wense van elke O.B.- en N.O.-lid wat ek ken. Ons sal daaraan moet voldoen of tydsaam sterf, sê mnr. Neethling tereg. Ons is hier in die suidhoekie geplant deur 'n Hoër Hof om die Christelike beskawing en ons Afrikanerideale hoog te hou en uit te leef. Hierdie plig mag ons nie prysgee of verloën nie.

**Ek dank God dat ons aan die hoof van die twee bewegings, die O.B. en die N.O., manne het wat hulle knie nooit voor 'n Baäl sal buig nie, maar wat altyd in die bresse vir hul volk sal spring.**

Ek het die vrymoedigheid om aan mnr. Pirow te sê: U propageer jarelank al die redding van ons blanke beskawing, nl. territoriale segregasië. Ek verstout my om hier te sê dat dit ook die oplossing van die O.B. (en van die Afrikaanse Kerke) is om ons land wit te hou — in 'n partylose, Christelike republiek.

### OPROEP

**Hiermee doen ek 'n beroep op mnr. Pirow en op ons K.G., mnr. J. A. Smith, en op al die manne aan die hoof van die N.O. en die O.B. om nou te red wat nog gered kan word. Dit kan gedoen word deur saam te kom, saam te beraadslaag, en saam oor te gaan tot aksie in 'n Bond — nie 'n politieke party nie — wat volkskandidate kan stel om ons ideale te verdedig en hoog te hou in die Praathuis of Twishuis. En wat die Twishuis kan afskaf, omdat die volk dit nie kan gedoog in die tye waarin ons leef nie.**

Ek is seker dat elke welmenende Afrikaner so 'n stap sal toejuig en verwelkom, want dit sal die sluimerende ideale van ons volk en vernaamlik van ons jeug opnuut te voorskyn bring.

### VERTROU PARTYE NIE

Sir Oswald Moseley, leier van die Britse volksbeweging, het daarin geslaag om twee munisipale setels te verower onder die leuse: Hou Brixton Wit. Dit moet ook ons leuse wees: Hou die Suidhoekie Wit. Ons moet territoriale segregasie aanvaar om te verhoed dat ons groot stede binne afsienbare tyd swart kolle op ons kaarte gaan word — wat noodlottige gevolge sal meebring.

Ten slotte wil ek sê: Ek het hoegenaamd geen vertroue in politieke partye nie. Hulle wil net altyd twis en kyf en die volk en die land se belange ondergeskik stel. Dit lyk vir my dat by alle politieke partye is die Empire eerste, die Parlement tweede, die Mynmagnate derde en die Boer en die Volk laaste.

oorsee gegaan het nie. Nou boer hulle daar."

Omtrent die sogenaamde Hoë Hof van die parlement wil ek vra: Kan so 'n hof ooit 'n onpartydige uitspraak gee? Ek kan nie begryp dat hy kan nie, want die partykoukus sal mos vir die „Hof" dikteer of hoe?

### OPNUUT VEG

Die volk wil graag weet: Wat gaan gebeur as die V.P. weer aan bewind kom? En as hulle die N.P. se Hoë Hof gaan gebruik om wette te herroep en om vir die nie-blanke gelyke regte met die witman te gee? En as wit Suid-Afrika dan vir altyd toegeploeg word deur swart Suid-Afrika? Vir my lyk dit dat so 'n Hoë Hof slegs kan deug mits die partystelsel in die ban gedoen is. Dit is nou die tyd om opnuut te begin veg vir die instelling van 'n republikeinse staatstelsel.

# O.B. Is Op Regte Pad

**Mnr. M. J. Palm, Bellard, Bethlehem, skryf:**

Net 'n paar reëls om Die O.B. geluk te wens met sy duidelike en ideale volksbeleid. Dit doen ons Afrikaners wat nog glo aan 'n „vrye republiek" goed om 'n blad te hê wat ons hart en siel vertolk. En met manne soos die A.K.G., mnr. J. A. Smith, prof. D. J. van Rooy en dr. Van Zyl wat die reguit pad bou aan die spits.

### EMPIRE-BANDE

Ons Afrikaners is altyd geleer dat ons volk ekonomies en finansieel moet loskom van die Empire, dan kan ons praat van 'n republiek. En ons word ons mos al vaster want ons moet ons hande al dieper in ons sakke steek om Engeland te red. Ek wonder wat sê minister Swart en mnr. Jim Fôché nou, wat destyds die Afrikaners met 'n fopspeen na Bloemfontein gelok het met hul propaganda vir 'n republiek. Of was dit die soort republiek wat dr. Malan nou vir hulle wil gee, nl. 'n Empire Republiek?

**Nee, hulle het nou self in die gat geval wat hulle destyds vir wyle genl. Hertzog gegrawe het.**

### BOER OORSEE

Ek het oor sekere dinge van wyle genl. Smuts verskil en ek sal 'n huigelaar wees as ek vandag moet goedkeur wanneer die Nasionale Party-regering dieselfde en erger dinge doen. Nee, die Ossewabrandwag moet aangaan. Hy is op die regte pad. Die Afrikaners sal volg.

Nou die dag moes ek my skaam toe 'n Sap vir my sê: „Man, julle het mos nou ons beleid oorgeneem. Die Malanministers sou dan kastig nooit

# SYBRAND

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

gebied of land — al woon hulle nie deurmekaar in een buurt nie.

Hierdie „groepsgebiede" is die oorde waaruit die nie-blanke arbeiders moet kom vir opname in die blanke se staatshuishouding. Dit is die beleid van die ekonomiese integrasie van die nie-blanke in die blanke se huishouding, en dit is weer lynreg in stryd met die beleid van ekonomiese apartheid.

Die O.B. en die Afrikaanse Kerke en die Afrikaanse volkekundiges bepleit ekonomiese sowel as territoriale apartheid — want soos ek reeds gesê het hulle is voorstanders van algehele apartheid.

Die verwerping van ekonomiese en territoriale apartheid en die gevolglike aanvaarding van nie-blanke politieke groepsverteenwoordiging in die blanke parlement is die begin van die einde, nl. algehele gelykstelling.

# Patriot-Bewegings Moet Ooreenkom

**Mnr. T. J. Kruger, Germiston, skryf:**

Die enkeling van die volk wat besiel of oormeester word met sekere idees, loop maar net die uiteindelike volksgedagte vooruit. Meer dan eens gebeur dit dat die volk en sy leiers hierdie enkelinge in die openbare lewe vernietig om tog uiteindelik hulle idees te aanvaar.

Die kern-idee teen die partypolitiek het alreeds in die dertiger jare, toe samesmelting plaasgevind het, gestalte gekry. Dit is maar net dat die volk deur die partypolitiek verdeel en verwoes word. Om die volk te red en sy eenheid te herstel moet die partypolitiek met wortel en tak uitgeroei word en vervang word met gelyke belange- of beroepsverteenwoordiging.

### DIE GEMIDDELDES

In daardie jare het daar versoening gekom tussen die gemiddeldes — versoening tussen die Engelsman wat nie te Engelsgesind is nie en die Afrikaner wat nie te Afrikaansgesind is nie, m.a.w. tussen mense wat hul eie oortuigings nie te ernstig opgeneem het nie. Die „ekstremiste" van beide kante is uitgeskuif en die gemiddeldes het van die Suid-Afrikaanse politiek die warboel gemaak wat dit vandag is. Dit was dr. Malan en kol. Stallard se ongeluk dat hulle met Samesmelting nie kon insien dat hulle feitlik nader aan mekaar gestaan het as genls. Hertzog en Smuts nie.

**Waarskynlik moet ons aanneem dat die politieke partye (alle partye ingesluit) vandag die gemiddeldes is of senter is tussen die ekstremistiese Afrikaner en die ekstremistiese Engelsman.**

### DIE EKSTREMISTE

**Die uiterste Afrikaners is in patriotiese bewegings soos die Ossewabrandwag, Nuwe Orde, Boerenasie georganiseer, terwyl die Engelse o.m. die Sons of South Africa het.**

**Daar moet op een of ander tydstip weer vrede tussen die ekstremiste kom. Hierdie vrede of versoening kan, soos in die verlede weer deur die gemiddeldes bewerkstellig word en eindig in 'n mislukking. Of die ekstremiste kan besluit om hierdie slag self die inisiatief te neem.**

Per slot van sake is dit die ekstremiste wat die skeppingskrag besit. Dis hulle vernuf wat die onderskeie partye se programme van tyd tot tyd geformuleer en geïnspireer het. Tot op datum het hulle hul vernuf gebruik om pl̶anne uit te werk vir ander om mekaar te beveg. **Ek stel voor dat die ekstremiste hierdie slag self direk met mekaar onderhandel.**

Die ekstremiste het die skeppingskrag in Suid-Afrika; hulle skerpsinnige insae in toestande moet die grondslag van versoening wees. 'n Ekstremis is per slot van sake tog maar net daardie persoon wat alles tot in die fynste besonderhede ontleed en sodoende tot beslissings kom. Hy weet presies waaroor alles gaan.

### EKONOMIESE EENHEDE

Die doel van die nuwe Suid-Afrikaanse staat moet wees om die bevolking in ekonomiese eenhede instede van politieke eenhede te organiseer. Dan kry mens so iets soos 'n georganiseerde boeregroep wat aktief aan die regering van die land kan deelneem. Die boeregroep kan dan die ministers of uitvoerende amptenare vir die landbou aanwys. So sal die minister van spoorweë aangewys word deur die gesamentlike stem van die spoorwerkers, die minister van mynwese deur die gesamentlike stem van die mynwerkers, ens. Elke groep vorm dan 'n ekonomiese eenheid.

Nasionale vraagstukke, soos verdediging, ens., kan met die algemene volk beslis word. Die volk kan ook 'n staatshoof kies wat leier van die ekonomiese groepsregering sal wees.

**Oor 'n staat met hierdie inhoud behoort dit moontlik te wees vir die ekstremistiese Afrikaner en Engelsman om ooreen te kom. Die tyd het seker aangebreek dat die partriotiese bewegings tot 'n nadere ooreenkoms moet kom. In hulle hande lê die toekoms. Hulle voorbeeld op hierdie tydstip sal 'n beslissende invloed op die Suid-Afrikaanse politiek hê.**

# Joodse Dank

Die S.A. Sioniste-kongres het in Johannesburg 'n voorstel aangeneem waarin die regering bedank word vir sy vriendskaplikheid en behulpsaamheid teenoor die Joodse staat, Israel.


## O.B. VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

*Vir*

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*



## O.B. JAARGANGE

**JAARGANG 1950—1951**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

